

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Makhwanya (270/1983) [1984] ZASCA 3 (27 February 1984)

[1984] ZASCA 3

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Hefer, Corbett, Viljoen

CASE / FILE NUMBER

270/1983

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

LL Saak No. 270/1983

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

PETRUS MAKHWANYA Appellant

enDIE STAAT Respondent

CORAM: CORBETT, VILJOEN ARR et HEFER WN AR

VERHOORDATUM: 16 FEBRUARIE 1984 LEWERINGSDATUM: 27 FEBRUARIE 1984

UITSPRAAK

/HEFER WN AR ...

2.

HEFER WN AR:

In die Hooggeregshof van Venda het die appel-

lant as beskuldigde no 1 saam met drie ander be-skuldigdes tereggestaan op 'n aanklag van moord. Dieaantying teen hulle is soos volg deur die geleerdeverhoorregter opgesom:

"Die Staat se saak berus op die bewering dat ene Simon, blykbaar 'n soort toor-dokter, van die Rand af gekom het om die oorledene "te koop"; dit wil sê om hom te laat doodmaak en sy liggaamsdele aan die Rand vir rituele doeleindes te verkoop. In hierdie verband, aldus die Staat se saak, sou beskuldigde nr. 1 en die kinders van die oorledene, dit wil sê beskuldigdes nrs. 2, 3 en 4 ingestem het en gehelp het met die uitvoering van die plan om oorledene

/dood ...

3. dood te maak."

Appellant en beskuldigdes nos 2 en 4 is skuldig bevind. Anders as in die geval van die ander twee veroordeeldes, het die verhoorhof geen versagtende omstandighede ten opsigte van die appellant bevind nie. Appellant appelleer nou teen die doodvonnis wat hom opgelê is en in besonder teen die bevinding dat daar nie versagtende omstandighede was nie. In hierdie Hof is slegs aangevoer dat die verhoorhof gefouteer het in die bedoelde bevinding deur die appellant se geloof in toorkuns en sy vrees vir Simon Netshikweta, die toordokter na wie

/in ...

4.

in die aangehaalde gedeelte uit die uitspraak verwys is, te onderskat. Dié betoog kan egter nie slaag nie. Die verhoorhof was so min beïndruk met die appellant se getuienis in verband met sy geloof in toorkuns en sy beweerde vrees vir Simon Netshikweta dat die geleerde regter opgemerk het:

"Hierdie beskuldigde, wat sedert 1940 met Johannesburg in aanraking is en ook daar van tyd tot tyd gewerk het en wat ons gesien en gehoor het, is hoegenaamd nie meer primitief nie en kan nie meer as primitief beskou word nie. Hy self het algemene stellinge gemaak wat daarop sou dui dat 'n mens bang is vir die "moloji" of vir die toorkuns, maar hy het geensins aangevoer

/dat ...

5.

dat hy ooit in werklikheid enige vrees hoegenaamd in verband met die voorval self gehad het nie. Dit het vir geen oomblik gelyk of hy in werklikheid 'n man is wat vrees het vir toorkuns, selfs in die algemeen, nie ... Die Hof glo nie dat hy so danig bang is vir Simon nie. Die Hof glo ook nie dat hy enige vrees vir toorkuns gehad het nie. Eintlik het hy met baie min oortuiging in hierdie rigting gepraat."

Hierdie opmerking was volkome geregverdig. Die appellant het sy aandadigheid aan die moord deurgaans ontken en is slegs in die algemeen uitgevra oor sy geloof in toorkuns en sy vrees vir toordokters. Die

/geleerde ...

6.

geleerde regter het tereg opgemerk dat dit te betwyfel is of hy, selfs algemeen gesproke, enige werklike vrees vir toordokters het. Dit bring mee dat die feitebasis vir die hele betoog aangaande versagtende omstandighede totaal ontbreek. Bowendien blyk dit uit die aanvaarde getuienis dat die appellant self 'n toordokter is, dat Netshikweta hom en die ander twee veroordeeldes met 'n belofte van geld oorreed het om die oorledene te -dood sodat sekere liggaamsdele as "medisyne"

verwyder kon word, en dat die appellant self druk op die ander beskuldigdes uitgeoefen het om die bose daad te ver-rig. In gepaste omstandighede kan die geloof in

/toorkuns ...

7.

toorkuns natuurlik wel as versagende omstandighede aangemerkt word maar waar die beskuldigde self 'n be-oefenaar daarvan is, kan ek hoegenaamd nie aanvaar dat sy morele strafwaardigheid verminder word weens die feit dat "he was a firm believer in the dark craft practised by him" (per Schreiner AR in *Rex v Fundakubi and Others* 1948 (3) SA 810 (AD) op p 819), nie veral waar die klaarblyklik oorwegende rede vir sy deelname aan die moord die persoonlike gewin was wat hy daaruit sou put. (Vgl *S v Sibanda* 1975 (1) SA 966 (RAD) op p 967; *S v Ngubane* 1980 (2) SA 741 (AD) op p 746.)

/Die ...

8. Die appèl word afgewys.

J.J.F.HEFER WN AR

CORBETT AR STEM SAAM VILJOEN AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/3.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-makhwanya-unknown-topic-asca-1984--6a3ea51e3b1caa91298146a7>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria